191. T.2(44)

Finale teks - vir Akad. geredigeer vir publikasie - H.B.Th.

S.A. Akademie Stellenbosch, 26/6/75

# REPLIEK

deur

PROF. H.B. THOM

## D.F. MALAN-MEDALJE VIR VOLKSDIENS

Geagte meneer die Voorsitter, geagte Akademieraadslede, geagte dr. Naudé, geagte vriende.

Na al die vriendelike woorde van die Voorsitter voel ek verleë en klein, want ek het tog seker nie aanspraak op al die goeie dinge wat die Voorsitter vermeld het nie. Maar terselfdertyd is ek gevoelig en dankbaar vir die gebaar wat die Akademie vanaand teenoor my maak, ~~naamlik~~ met name omdat dit kom van die Akademie vir wie ek hoë agting het en met wie ek al baie jare lank saamwerk. Daarom betuig ek opregte dank aan u, meneer die Voorsitter, vir u woorde, en aan die Akademie wat dit goedgevind het om die D.F. Malan-medalje aan my toe te ken.

Dit spyt my van harte dat my eggenote nie vanaand hier saam met ons kan wees nie - sy het ongelukkig 'n beurt met 'n tipiese wintergriep - maar ek wil in haar afwesigheid aan haar waardering uitspreek vir alles wat sy vir my gedoen en beteken het, veral in lang tye wanneer ek amper meer weg van huis was as tuis, iets wat inderdaad ook deesdae nog maar steeds gebeur. Ek weet dat sy in die gees saam met ons is.

Ek ag my gelukkig dat ek by 'n geleentheid soos hierdie dank en hulde kan bring aan my ou Stellenbosse professore, Willem Blommaert, E.C. Pienaar, G.G. Cillié, en veral ook dié een wat ons bevoorreg

is om hier in ons midde te hê, fyne gees, oud-Akademievoorsitter, prof. F.E.J. Malherbe; daarby twee van my ou professore aan die Universiteit van Berlyn, Meinecke en Oncken; en twee aan die Sorbonne, Déhérain en Seignobos. Hulle is manne wat op my lewe, soos op dié van baie ander, onuitwisbare spore gelaat het.

Dit doen my genoeë om ook erkentelikheid te betuig teenoor dr. Meiring Naudé, wat so vriendelik was om die motivering vir hierdie toekenning op te stel. Ons loop 'n lang pad saam; ek is baie dank aan hom verskuldig, net soos al ons Akademielede dank aan hom verskuldig is vir sy vérsiende leiding toe hy as Voorsitter die Akademie deur een van sy moeilikste krisistye gelei het.

Aangesien die Akademie die D.F. Malan-medalje aan my toeken op grond van die werk wat ek op die kulturele - meer bepaald opvoedkundige - terrein probeer doen het, 'n terrein wat ook vir dr. Malan na aan die hart gelê het, stem dit 'n mens tot dankbaarheid dat die Akademie hiermee opnuut onderstreep die buitengewone belangrikheid van hierdie terrein in ons volkslewe. Ek wil my veroorloof om in aktuele verband 'n kort verwysing te maak na beskouinge van die gevierde volksfiguur ter ere van wie die Akademie hierdie medalje ingestel het.

Wanneer 'n mens vandag om jou heen kyk, val dit op hoe daar in baie opsigte voortgebou word op die werk waaraan dr. Malan sy lewe gewy het. Dit geld ten aansien van ons buitelandse betrekkinge, ons demokratiese bestuurstelsel, ons republiek; dit geld ten aansien van ons algemene nasionale solidariteit, ons besondere volkseenheid, ons kulturele bewustheid; en dit geld ten aansien van ons onderwys en ons gesinslewe. Wat natuurlik nog glad nie wil sê dat daar maar slaafs voortgebou word op wat dr. Malan geleer het nie; inteendeel, daar het met verloop van tyd wel

veranderinge gekom, veral groter detaillering en verfyning, na gelang veranderde, grondliggende omstandighede dit vereis het.

Maar dit doen nie afbreuk aan die fundamentele betekenis van dr. Malan se opvattinge nie. Ofskoon hy self toonbeeld van beginselvastheid was, was hy groot genoeg om in radikaal veranderde tydsituasies die gevestigde patroon van beginsel en praktyk deur noodsaaklike aanpassing te verryk. Het hy dan nie self, ofskoon hy in 1915 in duidelike terme Afrikanereenheid bepleit het, dertig jaar later sy konsep van enger Afrikanereenheid met die konsep van ruimer staatkundige eenheid aangevul nie, 'n eenheid waarin Engelssprekende en Afrikaanssprekende hulle saam tuis sou voel? En het hy dan nie self, ofskoon hy in die oorlogsjare 1939 - 1945 'n republiek los van die Britse konneksie bepleit het, in die tyd daarná - toe die Britse Ryk diepgaande van karakter verander het - rondborstig in 'n B.B.C.-uitsending in Londen verklaar nie dat 'n Suid-Afrikaanse republiek wel bestaanbaar sou wees binne 'n statebond waarvan lande soos Kanada, Australië en Nieu-Seeland, saam met die Verenigde Koninkryk, lede was?

As leiersfiguur, as Eerste Minister, as staatsman, was dr. Malan geen Prinzipienreiter nie; hy het nie van alles beginsels gemaak nie; hy het die onverbiddelike eise van die tyd gelees en lewensnoodsaaklike aanpassinge gemaak. Dit was die uitvloeisel van 'n diepe verantwoordelikheidsin, nie van gewone pragmatisme nie. Die verantwoordelike leier moet noodwendig 'n delikate gevoeligheid vir 'n gegewe situasie openbaar; immers: die onvermoë om noodsaaklike aanpassing te doen, beteken vir mens en dier en plant die dood. Maar dr. Malan het, ondanks aanpassinge, altyd onthou dat hy Afrikaner is, en hy het as Afrikaner sy groot

beginsels uitgeleef.

Vir ons wat vandag voortbou op die fondamentstene wat hy gelê het, is hierin 'n onmiskenbare rigsnoer geleë. Ons mag nie vergeet dat ons in Afrika woon, en dat ons die laaste kwart van die twintigste eeu binnegegaan het nie; maar ons mag eweseer nie vergeet dat ons Afrikaners is wat nie maar toevallig aan die suidpunt van Afrika woon nie. Want, soos dr. Malan in 1908 hier op Stellenbosch verklaar het, en soos die Akademie hom dit vandag ~~dit~~ nadruklik na-sê: Dit is ons erns! Ek stel dit hoog op prys dat die Akademie hierdie gevleuelde woord as hooftema ~~van~~ vir sy jaarvergadering gekies het: dit het tyd geword dat ons weer ernstig hieroor sal nadink en dienooreenkomstig sal handel.

Ten slotte: Ek dank u meneer die Voorsitter - u met wie ek in die loop van jare sy-aan-sy gestaan het - vir u woorde; ek dank die Akademie vir sy toekenning; ek dank al die vriende vir hulle aanwesigheid. Ek wens u en die Akademie sukses en seën toe op die pad wat voorlê.

+ + + +